# FAKKEL-FLITSE

*Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!*

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

UITGAWE 397 · 5 DESEMBER 2025


Kontakbesonderhede: bemarking@framesby.co.za



## UITSTAANDE AKADEMIESE UITSLAE

### GRAAD 8 - 11

| | | |
|---|---|---|
| GRAAD 8 | 276/280 | 98,57% |
| GRAAD 9 | 268/273 | 98,17% |
| GRAAD 10 | 242/246 | 98,37% |
| GRAAD 11 | 247/251 | 98,40% |

**BAIE GELUK AAN ONS LEERDERS**

**BESLIS 'N SKOOL WAAR LEERDERS GELUKKIG IS. GELUKKIGE LEERDERS IS SUKSESVOLLE LEERDERS.**

HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR:
SUNRIDGE VILLAGE

# FRAMESBY VERWELKOM DIE VOLGENDE
*personeel met hope ervaring*



**I. TRUTER**
AFRIKAANS




**S. MEYER**
ENGELS



**K. VORSTER**
WISK/WISK G



**T. VAN RENSBURG**
CAT



**V. MULLER**
WISKUNDE



**L. VOGEL**
FW/LANDBOU



**C. VAN ZYL**
HOOF VAN HOKKIE


**LIKA HANEKOM**
81,6%


**REUBEN HOLTZHAUSEN**
80,7%


**JUNAID JAGGERS**
84%


**LEO JONAS**
81,2%


**RUBEN KEYSER**
85,3%


**PIETER KRUGER**
80,1%


**MIEKE LOOTS**
85,3%


**LIANA MOORE**
83,6%


**KIAN MYBURGH**
83,8%


**NATHAN NORRIS**
80,1%


**KIAN OLIVIER**
83,7%


**LIANAE PETZER**
80,3%


**GJ ROELOFSE**
82,4%


**CHANEL SCHOULTZ**
85,3%


**MARCUS SCOTT**
81,9%


**JESSE STEYN**
80,6%


**KAYMI STRYDOM**
85,2%


**MAKAYLA TERBLANCHE**
84,2%


**DYLAN WEBER**
80,8%

# TOP 20 - GRAAD 9

- Alle vakke word in berekening gebring.
- Om vir Top 20 te kwalifiseer moes leerders die volle eksamen afgelê het.


1. JEMIMA OOSTHUIZEN
96,9%


2. MINETTE VAN ZYL
96,7%


3. JUANÉ BERNARDO
94,2%


4. IRÉNÉÉ STRAUSS
93,3%


5. HEINRICH CROUSE
92,9%


6. JANI VAN HEERDEN
92,7%


7. ADRIAAN EHLERS
91,3%


7. EWALDT NEL
91,3%


9. LOUISE FLOOR
91,1%


10. LUAN CLAASSEN
90,9%


11. MARKUS JANSEN
90%


12. MIA BOTHA
89,9%


13. ELRI SMIT
89,8%


14. MICAELA POTGIETER
89,6%


15. LIEZEL REDINGER
89%


16. KARLI DE BEER
88,4%


17. CAYLA LANDMAN
88,2%


18. MILKE MULLER
88%


19. KARLIE JV RENSBURG
87,9%


19. CHANIYA KOTZÉ
87,9%

# RES VAN A-KANDIDATE!


TWANÉ BASSON
80,3%


MEKAYLA BENNETT
80,2%


SKYE-LEIGH BOTHA
82,2%


LJ CAMPHER
81,7%


KILEY CLASSEN
85,4%


TIAAN COETZEE
84,2%


SILVER COLLISON
83,6%


MORGAN DANIELL
87,8%


RYAN DOBSON
80,1%


DEON DU PLESSIS
85,4%


EGON DU RAND
81,3%


JANA DU TOIT
80,6%


MADISON ELGAR
82,3%


ZANDER ENGELBRECHT
87,1%


CJ FOURIE
87,6%


REZÉ-MARI FOURIE
83,4%


ISAAC GALLAGHER
80,3%


STEFAN GERICKE
80,3%


NATHAN HALL
81,7%


ISABELLE JACOBS
84,3%


JENNA KOEN
85,9%


CHRISTO LANDMAN
85,8%


KARLI LOUW
80,4%


ZOEY MALAN
83%


WIHAN MULLER
84,4%


BEN NOTHNAGEL
84%


DANIËL SCHOEMAN
82,7%


AMORÉ SMIT
83,3%


KALEY STARBUCK
84,9%


CHRISTIAN THERON
80,3%


LEANDI VAN DER WATT
84%


NICO VAN DER
WESTHUIZEN 84,7%


ELRIE VAN NIEKERK
80,4%


ALEXIS VENTER
82%


AMÉLIE VLOK
86,3%


SIMONNE
VON MANSBERG 85,6%

# TOP 20 - GRAAD 10

- Alle vakke word in berekening gebring.
- Om vir Top 20 te kwalifiseer moes leerders die volle eksamen afgelê het.


1. THERESE OTTO
91,7%


2. LIZE RETIEF
89,4%


3. CARLO SWANEPOEL
87,3%


4. NICOLA BOTHA
87%


5. ANANDI VD BERG
86,4%


6. JANI ERASMUS
86,1%


7. LENÉ BOTHA
84,4%


7. LINDIE CLOETE
84,4%


7. KAYLA SCHEEPERS
84,4%


7. LUKA WEBER
84,4%


11. ELIZABETH NOTLEY
84,1%


12. KATE GOUGH
84%


13. LIENKE GOUWS
83,7%


14. ANIKA STEYN
83,6%


15. RICARDO NEL
83,3%


16. TIANÉ SLABBERT
82,1%


17. HEINRICH HANCKE
81,7%


18. ANKIA JANSEN
81,1%



19. NICAELA KICHENBRAND
81%


20. LIVYÉ COETZER
80,9%

# RES VAN A-KANDIDATE!


KARLA DE LANGE
80,3%


MICHAEL STANDER
80,6%


HANO VAN ROOYEN
80%

# TOP 20 - GRAAD 11

- Alle vakke word in berekening gebring.
- Om vir Top 20 te kwalifiseer moes leerders die volle eksamen afgelê het.



1. TAYLOR VAN JAARSVELD
90,9%



2. PAUL VAN HEERDEN
90,7%



3. ZANDRI STUMKE
89,4%



4. REYNARD JANSEN
88,3%



5. MARLI BÜCHNER
88%



6. LUKA BESSINGER
87,7%



6. MATTHYS POTGIETER
87,7%



8. RUBEN BOUWER
87,6%



9. LIAM BLIGNAULT
87,3%



10. DURANDT ROOTMAN
86,7%



11. LEANÉ DU PREEZ
85,4%



12. ANINE EHLERS
84,6%



12. CHERIZE SCHUTTE
84,6%



14. LARA STEYN
84,3%



15. CHAD THOMPSON
84%



16. DANIËL STOFBERG
82,9%



17. SHANTÉ KAPP
81,7%



18. MARICKE VD WALT
80,9%



19. TENEAL ELS
80,4%



20. WIAN HOLTZHAUSEN
80%



20. CINDY LANGEVELDT
80%

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Ouers

Ek hoop dat die volgende boodskap 'n spesiale plek in u hart sal vind.
"Soos die Vader my liefhet, het Ek julle ook lief. Julle moet in My liefde bly. As julle My opdragte uitvoer, sal julle in My liefde bly, net soos Ek die opdragte van My Vader uitvoer en in Sy liefde bly. Dit is My opdrag: Julle moet mekaar liefhê soos Ek julle liefhet" – Johannes 15:9-10, 12.

Ons het dié teksgedeelte al so dikwels gesien dat ons maklik bo-oor die woorde lees. Ons vervlak die liefdesopdrag tot 'n vlietende emosie wat opwel en verdwyn. God se liefde is onpeilbaar groot. Te groot vir woorde. Liefde – of die afwesigheid daarvan – maak ál die verskil. Liefde is wysheid en die afwesigheid daarvan is dwaasheid.

Die lied "Ubi caritas" is reeds in 796 NC deur Paulinus van Aquileia geskryf. Ubi caritas, et amor, Ubi caritas, Deus ibi est beteken: "Waar daar liefde en deernis is, daar is God." Die lied is aanvanklik by die voetwassingseremonie van die vroeë kerk gesing met Jesus as voorbeeld van liefde in die praktyk. Viktor Frankl skryf in Man's search for meaning: "Deur ander lief te hê, maak ons in hulle die onmeetlike moontlikhede los om te kan groei en te verander en om te word wat God bedoel het hulle moet wees." Die afwesigheid van liefde is die oorsaak van opstande, burgeroorloë en wêreldoorloë. Ewe ingrypend is die gevolge van liefdeloosheid tussen man en vrou, kinders en ouers en vriende onderling, want waar daar nie liefde is nie, word Christus se lig uitgedoof. 'n Oudpredikant sê: "Ek wil nie soseer as 'n predikant bekend staan nie, eerder as 'n dissipel van die liefde. My storie moet 'n storie van liefde wees."

Here, laat my nalatenskap liefde wees. Amen.

A) AKADEMIESE INLIGTING
Ons het in 2025 'n algehele slaagsyfer van 98,38% van graad 8 tot graad 11 behaal. Ouers, ons wil elke leerder en ouer met dié puik uitslae gelukwens. Ons harte gaan egter ook uit na daardie 1,62% leerders wat nie in 2025 suksesvol was nie. Ouers, ons wil vra dat u hierdie leerders sal motiveer en ondersteun sodat hulle hul studies in 2026 by Hoërskool Framesby kan hervat. Hierdie uitslae is vir ons as gemeenskap 'n riem onder die hart en beslis die voortdurende beweging van 'n onderrig- na leerkultuur by die skool. Dankie aan elke ouer en leerder wat die personeel se hand neem om dit 'n suksesvolle akademiese skool te maak. Ek gee dan ook die volgende verdere inligting oor die slaagsyfer in graadverband:

| | | |
|---|---|---|
| Graad 8 | 276 uit 280 slaag | Slaagpersentasie van 98,57% |
| Graad 9 | 268 uit 273 slaag | Slaagpersentasie van 98,17% |
| Graad 10 | 242 uit 246 slaag | Slaagpersentasie van 98,37% |
| Graad 11 | 247 uit 251 slaag | Slaagpersentasie van 98,40% |

Voorwaar uitslae om op trots te wees!

B) BEHEERLIGGAAM
'n Woord van groot dank aan ons beheerliggaam vir hul ondersteuning aan die skool. Dankie dat julle altyd die belange van ons leerders eerste stel en toesien dat ons leerders in hierdie pragtige skool kan skoolgaan. Groot dank ook aan Mev. M Strydom wat voorstap en so mooi na die leerders en personeel kyk.

C) GRAAD 8-LEERDERS VAN 2026
Ons graad 8-leerders van 2026 meld alreeds op Maandag, 12 Januarie 2026 om 08:30 voor die skool aan.

D) WOENSDAG, 14 JANUARIE 2026
Hoërskool Framesby heropen op Woensdag, 14 Januarie 2025 om 07:30 vir alle leerlinge.

Die program vir die begin van die dag vir leerders is as volg:

| | | |
|---|---|---|
| 07:30 – 08:30 | Graad 8/9/10/11/12 | Pawiljoenopening |

Leerlinge verdeel in groepe na saalbyeenkoms en tree by die volgende punte aan:
Graad 8 – Saal [H Strauss/K De Villiers]
Graad 9 – Agter die C-blok [M Saayman/D Barnard]
Graad 10 – Pawiljoen [T Nell/A Alberts]
Graad 11 – Agter die saal [M Snyders/P Bosch]
Graad 12 – Tennishuisie [N Potgieter/E Jonker]

E) KWARTAALPROGRAM
Die kwartaalprogram vir die eerste kwartaal 2026 is aangeheg.

F)JAARPROGRAM 2026
Die jaarprogram is op ons Facebookblad beskikbaar.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

G) VOORGESKREWE BOEKE – GRAAD 10/11/12
Alle voorgeskrewe boeke in Afrikaans en Engels in bogenoemde grade moet ingegee word by die algemene kantoor voor 11 Desember 2025 teen 13:00. Alle terugbetalings vir Graad-12 deposito's sal in die eerste week van Februarie 2026 plaasvind.

H) VERPLIGTE OUERAANDE JANUARIE 2026
Verpligte oueraande vind in Januarie 2026 plaas (elke leerder moet deur een ouer vergesel word). Die volgende inligting is hierop van toepassing:

WOENSDAG 14 JANUARIE 2026
GRAAD 12 – 18:00 – 18:45 [VERPLIGTEND VIR ELKE LEERDER VERGESEL DEUR EEN OUER]
GRAAD 11 – 19:15 – 20:00 [VERPLIGTEND VIR ELKE LEERDER VERGESEL DEUR EEN OUER]

DONDERDAG 15 JANUARIE 2026
GRAAD 10 – 18:00 – 18:45 [VERPLIGTEND VIR ELKE LEERDER VERGESEL DEUR EEN OUER]
GRAAD 9 - 19:15 – 20:00 [VERPLIGTEND VIR ELKE LEERDER VERGESEL DEUR EEN OUER]

I) FAKKELFLITS
Ek moedig u aan om die Fakkelflits deeglik te bestudeer. Hier hou ons u van alle gebeure en prestasies op hoogte. Dit is ook op Framesby se Facebookblad beskikbaar.

J) FINANSIES

SKOOLFONDS 2025
Ons wil u vir u getroue betaling van u 2025-skoolfonds bedank.
Uitstaande skoolfonds vir 2025 is onmiddellik vereffenbaar. Die gedeelte van die ouerkorps wat nie hul verpligtinge nakom nie, sal streng teen opgetree word. As u voorraadopname neem van álle geleenthede wat u leerder op akademiese-, sport- en kultuurgebied geniet, asook die uitmuntende fasiliteite, is dit belangrik dat u besef dat u betaling van skoolfonds van uiterste belang is. Ons kan beslis nie meer toelaat dat 'n sekere gedeelte van ouers die skoolfonds van ander ouers subsidieer nie. Hoërskool Framesby se skoolfonds (in vergelyking met ander skole in Port Elizabeth) is baie laag en daarom moet u u deel bydra. Alle 2025 skoolfonds wat teen 15 Desember 2025 nie vereffen is nie, sal oorhandig word aan die prokureurs waar nodige regstappe geneem sal word.

SKOOLFONDS 2026
Ons versoek in 2026 is dat élke ouer sy/haar deel moet doen. Rekeningstate vir 2026 word op
5 Desember 2025 gestuur sodat u deeglike beplanning kan doen om u skoolfonds te kan vereffen. 2026 se skoolfonds is betaalbaar voor of op 7 Januarie 2026. Indien u maandeliks afbetaal, is Januarie 2026 se skoolfonds betaalbaar voor of op 7 Januarie 2026.

ALGEMEEN
Verkeerde verwysings reflekteer steeds met betalings. Maak asseblief seker u gebruik korrekte verwysings.

GRAADFOOIE
Graadfooie is betaalbaar teen 31 Januarie 2026.

K) GRAAD 10/11 - VAKVERANDERINGE
Indien daar nog versoeke is vir vakveranderinge moet u as ouer voor Vrydag 5 Mei 2025 om 16:00 'n e-pos stuur aan cloftus@framesby.co.za. Meld duidelik leerder se volle name asook watter vak huidiglik geneem word en na watter vak hulle graag wil verander.

Weens klasgroottes, in veral praktiese vakke, moet u kennis neem dat alle veranderinge soos versoek dalk nie moontlik sal wees nie.

L) AKADEMIESE EREKLEURE – GRAAD 10
Baie geluk aan ons graad 10-leerders wat vir akademiese erekleure kwalifiseer. Die leerders ontvang hul briewe saam met hul rapporte. Die sertifikate sal aan die begin van 2026 aan hul oorhandig word.

M) WISKUNDE GRAAD 12 - 2026
Leerders moet kennis neem van die verpligte ekstra wiskunde klasse op die volgende datums:

| | | |
|---|---|---|
| Maandag | 12 Januarie 2026 | 14:15 – 15:45 |
| Dinsdag | 13 Januarie 2026 | 14:15 – 15:45 |

N) TOP 20
Die Top 20 word as volg bereken:
Graad 8 tot 11
Die totaal van alle vakke word in ag geneem. Leerders kwalifiseer vir die Top 20 slegs indien hulle alle vraestelle geskryf het.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

Baie geluk aan die volgende leerders wat pragtig presteer het om die Top 20-klasposisie in elke graad te behaal:

Ouers, as skool bid ons vir u en u gesin 'n geseënde feesseisoen toe. Ons gebede is dat u opnuut ons Hemelse Vader sal ervaar. Mag Hy ook in hierdie tyd Homself aan u openbaar en u met die keur van Sy seëninge seën.

Ek en my gesin bedank u vir u ondersteuning en gebede. Ek kan met groot vrymoedigheid getuig dat dit 'n besonderse 81 maande by Hoërskool Framesby was. Ek glo vas, soos ek baie vir u sê, die toekoms van Hoërskool Framesby is blou en goud. Kom ons werk saam om dit so te hou.

**MARIUS GERMISHUYS**
SKOOLHOOF



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# LANDLOOP*uitslae*

By die jaarlike OP-prysuitdeling ontvang Framesby-landlope 'n sertifikaat vir 'n tweede plek in die skole-afdeling. Die afdeling sluit hoër- en laerskole in. Framesby het, met ander woorde, die beste van alle hoërskole in die deelnemersafdeling gevaar, aangesien Laerskool Handhaaf die afdeling gewen het.

# TWEEKAMP*uitslae*

Tweekampuitslae – Liga 4
Tydens die Tweekamp Liga 4-byeenkoms wat op 23 November 2025 plaasgevind het, het Framesby se tweekamp-atlete die volgende uitslae behaal.



O/17 Seuns
1ste Plek – Liam Cloete – 1987pte
2de Plek – Christiaan Theron – 1979pte
3de Plek – Carel James Fourie – 1908pte

O/17 Dogters
1ste Plek – Minette van Zyl – 2033pte
5de Plek – Emma Fereirra – 1932pte
7de Plek – Jemima Oosthuizen – 1898pte

0/19 Seuns
4de plek - Kyle Barker – 1987pte
6de Plek – Janco Faber – 1972pte
8ste Plek – Wian Roberts – 882pte

0/19 Dogters
2de Plek – Lienke Els – 1979pte
3de Plek – Teneal Els – 1938pte
4de Plek – Annree van Zyl – 1732pte







SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# ATLETIEK *toekenningsaand*

Tydens die OP-Atletiektoekenningsaand 2025, wat op 21 November 2025 plaasgevind het, het Framesby se atlete talle trofees en toekennings verower.

Die volgende atlete het erkenning vir medaljes by die SA Atletiekkampioenskappe verower, ontvang:

- Lincoln Kunneke – Bronsmedalje – Hamergooi – so.18
- Liam Smit – Bronsmedalje – Paalspring – so.16
- Tamlyn Heyman – Silwermedalje – Hamergooi – do.16
- Kayden Thoresson – Goue medalje – Paalspring – so.18

Kayden Thoresson het erkenning ontvang vir sy OP-rekord in paalspring (Seuns O/18) met 'n hoogte van 4,45 m, wat hy by die ASA Kampioenskappe opgestel het.

Die volgende atlete het kategorie-toekennings ontvang:

- Tamlyn Heyman – Dogters Subjeugatleet van die Jaar
- Tiané Slabbert – Dogters Jeugatleet van die Jaar
- Kayden Thoresson – Seuns Jeugatleet van die Jaar

Ons is uiters trots op ons atlete wat dié besondere erkennings ontvang het vir hul uitsonderlike prestasies en verteenwoordiging op nasionale vlak.



# BAIE *geluk*

Oostelike Provinsie Atletiek het met trots bevestig dat mnr. W. De Lange aangestel is as afrigter vir die ASA Subjeug Kampioenskappe wat op 5 en 6 Desember 2025 in Potchefstroom plaasvind.

Baie geluk, mnr. W. De Lange!



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# 'N KYKIE IN ONS LEERDERS SE KREATIEWE WÊRELD



LENÉ BOTHA GR 10



RUBEN HEWITT GR 10



LOWELLE DA SERRA GR 11



MIEKÉ LAST GR 10



LIKA ONEILL GR 10



LIESCHEN POTGIETER GR 11



NICKE VAN ROOYEN GR 11



DIAAN VENTER GR 10

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# KULTUUR *uitslae*

**Trinity Musiek eksamen**

Baie geluk aan **Micaela Jeniece Potgieter** wat die Trinity Graad 3 eksamen vir klavier met 91% geslaag het. Dit is 'n pragtige prestasie!

**Jenske van der Merwe** in graad 11 het onlangs haar AIDT-danseksamen in Major Advanced Hip Hop voltooi en ‘n Honneurs behaal. Haar harde werk, volgehoue oefening en passie vir dans word deur hierdie uitstekende prestasie beloon. Baie geluk, Jenske—’n merkwaardige mylpaal!



# ATKV *sweepslag*

Op 27 November het die ATKV- Sweepslag onder leiding van me. S. van Eyk en me. C. Coetzer saam met **Simoné Vermeulen, Liané du Preez en Anine Ehlers** die MTR Smit Kinderhuis besoek om al die Kersgeskenke af te lewer wat vir die Santa Shoebox-inisiatief ingesamel is. Elke geskenk het ‘n bietjie liefde en die ware gees van omgee simboliseer. Ons is dankbaar dat ons deel kon wees daarvan om ekstra vreugde in hierdie feestyd te bring. Baie dankie aan elkeen wat ‘n geskenk gegee het.









SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# BUITESPORT

**Simonique Grobler** (Graad 12) is uitgenooi na die Oos-Kaap Gimnastiekfederasie se jaarlikse prysuitdeling, waar sy met verskeie toekennings weggestap het.

Sy het ‘n eerste plek-trofee vir trampolien en tuimel in die Vlak 9-dogters-afdeling ontvang, asook ’n eerste plek-trofee vir gemengde dubbels trampolien. Daarbenewens het sy ’n tweede plek algehele trofee in die vlak 10 dubbel mini-trampolien dogtersafdeling verwerf.

Die hoogtepunt van die aand was toe Simonique die trofee vir algehele beste dogters-tuimelgimnas in die Oos-Kaap vir 2025 ontvang het – ’n besondere prestasie! Ons is baie trots op Simonique en wens haar alle sterkte toe vir die senior Wêreldkampioenskappe wat volgende jaar in China plaasvind.



---

**Dylan Grobler** het op Saterdag, 22 November 2025, aan die 8ste rondte van die Algoa Motorsportklubkampioen-skappe sowel as die PE 100- en 150-byeenkoms deelgeneem.

Motorfietsryers van regoor die streek het saamgedrom vir hierdie groot geleentheid. Wat vol spoed en opwinding was. Dylan het uitstekende uitslae behaal met ’n tweede plek in die Junior 150 CC Snelheidsresies, asook ’n tweede plek in die 300 CC-klas tydens die PE 100 behaal. ‘n Fantastiese prestasie — welgedaan, Dylan.



---

**Nadia Rautenbach,** ’n graad 10-leerder van Hoërskool Framesby, het die jaar met uitstekende prestasies in Stockcar-racing afgesluit.

Sy het tweede plek in die klubtoernooi behaal, asook tweede plek in die Oos-Kaapse Provinsiale toernooi. Daarby is sy ook aangewys as Damesbestuurder van die Jaar – ’n besonderse eer vir hierdie talentvolle jong motorrenjaer. Framesby is uiters trots op Nadia se toewyding, harde werk en passie vir haar sport.



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# BAIE DANKIE

'n Groot dankie aan Mev. Liezl Bothma vir die skenking van sewe splinternuwe skaakborde aan die skool. U bydrae help om ons leerders se liefde vir skaak verder aan te wakker. Ons waardeer u ondersteuning opreg.



# BERGFIETS*uitslae*

Op Saterdag 29 November is die Oos-Kaap/NMB-fietsryprysuitdeling gehou. Framesby Bergfietsry wen die trofee vir "high performance". Baie geluk aan ons fietsryers om die 2025 seisoen op 'n hoogtepunt af te sluit.




# MUSIEK*uitslae*

Baie geluk aan die volgende musiekleerlinge met hul baie goeie uitslae van die afgelope Unisa-teorie eksamen (Graad 2 - 4). Hulle het almal met eervolle vermelding (bo 70%) en onderskeiding (bo 80%) geslaag.

**Eervolle Vermelding**
Janco Meyer ( 8A) Graad3

L.J.Campher ( 9A)
Graad 3

Wiehan Viviers ( 10 B)
Graad 4

**Met Onderskeiding**
Mieke Loots ( 8 A )
Graad 2

Bella - Yia Camarinos ( 9A)
Graad 3

Ryan Dobson ( 9 B )
Graad 2

Ricah du Plessis ( 10 A)
Graad 4

**Toppresteerders:**
Nina Latham (8 B )
Graad 2 - 91 %

Micaela Potgieter ( 9 A )
GRAAD 3 -94%

Geluk ook aan **Riçah du Plessis** (10A) wat die Trinity eksamen in klavier (Graad 5) en klarinet (Graad 6) geslaag het. Sy is 'n baie talentvolle musiekleerling!

Welgedaan! Ons is trots op julle!

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# OEFENKAMP *vir middelafstandatlete*

Framesby se middelafstandatlete het vanaf 24-27 November ‘n oefenkamp by Willows gehou.
Ons het baie hard op verskillende terreine geoefen: Framesby se grasbaan, by Willows langs die see, NMU se tartanbaan en langs die see in Summerstrand. Daar was ook tyd vir spanbou-aktiwiteite: ‘n pannekoekbakkompetisie is gehou, asook rolbal-, boeresport- en konsertaktiwiteite het die leerders laat ontspan. Ons was ook bevoorreg om mnr. Chris van Niekerk en Mondray Barnard (Springbok-hekkiesatleet) as sprekers op ons kamp te hê.
Die leerders is moeg, maar gemotiveerd vir die 2026-seisoen huis toe. Baie dankie aan ons onderwysers: me. Cronjé, Nelmapius en mnre. Barnard en Harris vir hul bydrae tot ‘n suksesvolle kamp.






SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# PAALSPRINGKLINIEK

Op 28- en 29 November 2025 het Framesby-atletiek ñ Paalspringkliniek aangebied.
Die kursus was gelei deur Louis Nienaber- Afrigter van talle Nasionale Kampioene, stigter van die Boland Paalspring-akademie

Atlete van Framesby, Queens College asook ñ paar laerskoolatlete het die geleentheid aangegryp om hulself te verbeter.
Ons paalspringkliniek het geëindig met geweldige energie en merkwaardige ontwikkeling by elke atleet wat deelgeneem het. Die fokus op basiese tegniek, veilige progressie en die bou van selfvertroue op die aanloop. Met drie ervare afrigters wat vanuit verskeie hoeke dopgehou en terugvoering gegee het, het atlete besonderse aandag ontvang op elke fase van die sprong — van aanloopritme en paaldra tot planttegniek, afsprongposisie en oor-die-lat beweging.
Deelnemers het deur die loop van die kliniek aan geteikende oefeninge gewerk wat liggaamsbewustheid, paalbeheer en tydsberekening verbeter het. Baie atlete het nuwe tegniese deurbrake gemaak.
Die belangrikste was dat die kliniek 'n positiewe leeromgewing geskep het waar atlete hulself kon uitdaag, mekaar kon ondersteun en 'n dieper begrip van die sport kon ontwikkel.
Saam met Louis Nienaber, het ons eie, Juan van Eyk en Dale Manthe van Queens College gehelp en raad gegee.
As die 3 afrigters nie genoeg was nie, het Okkert Brits ook Saterdagmiddag hand bygesit. Okkert is en van slegs 28 atlete wat ooit die gesogde 6m kerf behaal het. Met sy 6.03m wat hy in 1995 in Duitsland gespring het, wat steeds die Afrika-rekord is, ñ silwer medalje by Wêreldkampioenskappe, brons by Wêreld Binnehuis-Kampioenskappe goud by Statebond Spele asook menigte titels by Afrika Kampioenskappe en Afrika Spele is dit veilig om te sê, Okkert ken paalspring.

Baie dankie aan al die atlete, ouers en afrigters wat bygedra het tot 'n suksesvolle geleentheid. Ons sien uit daarna om hierdie nuwe vaardighede in selfs hoër spronge gedurende die seisoen wat volg te sien.






SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# *Ons groet vir*



*Juffrou*
**D. BESTER**



*Juffrou*
**J. FOURIE**



*Juffrou*
**L. SCHELBERT**



*Juffrou*
**J. SCHOEMAN**



*Meneer*
**H. STRYDOM**



*Juffrou*
**M. STRYDOM**



*Meneer*
**H. VAN DER MERWE**



*Juffrou*
**L. VAN HUYSSTEEN**

# ADVERTEER by Framesby

Adverteer jou besigheid. Ons almal kan doen met  goeie reklame.

Hoërskool Framesby bied verskillende advertensiespasie vir jou besigheid om meer voete te waarborg. Maak gebruik van hierdie unieke en effektiewe geleentheid om jou besigheid, produk of diens te bemark.

Hoërskool Framesby se 2025-wedstryde sal oorheersend tuis plaasvind dus sal u maatskappy baie blootstelling kry.

Dit sal vir Hoërskool Framesby ‘n voorreg wees indien u maatskappy met die topskool in die Oos-Kaap wil assosieer.

Raak deel van ons Framesby-advertensiefamilie.

Kontak Hoërskool Framesby vandag!

Yolandi Fourie
Trustbeampte
fos@framesby.co.za
041 360 1257

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100 *lede*

## Oudskolier

Mornay Heunis *(matriek 1986)*
Chris Knoetze *(matriek 1988)*
Rinaldo Loftie-Eaton *(matriek 2000)*
Ernst Stapelberg *(matriek 2013)*
Pienaar Agenbag *(matriek 1988)*
Bernard McDonald *(matriek 2016)*
Jacqueline van Heerden *(matriek 1997)*
Louis Gerber *(matriek 1996)*
Rudi Gerber *(matriek 1986)*
Anelle Bailey *(matriek 1994)*
Ryno Lingerfelder *(matriek 1999)*
Tania Crouse *(matriek 1995)*
Jonathan Gardiner *(matriek 2000)*
Morne Barnard *(matriek 1991)*
Gerhard Meiring *(matriek 1998)*
Konrad de Villiers *(matriek 2006)*
Henry Claassen *(matriek 1991)*
Andrè Hough *(matriek 1988)*
Hanlie Potgieter *(matriek 1988)*
Charl De Lange *(matriek 2003)*
Anoniem *(matriek 2009)*
Anoniem *(matriek 1996)*
Lourens Grundling *(matriek 2006)*
Marieta Kemp *(matriek 1973)*
Mariette Geldenhuys *(matriek 2000)*
Conrad Wagener *(matriek 1995)*
Jannie vd Merwe *(matriek 1993)*
Craig Gardiner *(matriek 1995)*
Mark Bradshaw *(matriek 1984)*
Marcel Bradshaw *(matriek 1983)*
Riette Gerber *(matriek 2006)*
Dion Rademeyer *(matriek 1983)*
Elmarie Loftie-Eaton *(matriek 2003)*
Pieter Coffee *(matriek 1995)*
Craig Gardner (matriek 1995)
Hester Geissler *(matriek 1995)*
Eugene Nolan *(matriek 2007)*

## Ouers, Oudouers / Beheerliggaam

Mariaan Botha (ouer)
Karl du Preez (oudouer)
Anél Ferreira (ouer)
Niel Louw (ouer)
Petra Gouws (ouer)
Wynand Wessels (ouer)
Werner Edwin Olivier (ouer)
Masunet Strydom (ouer)
Dirk Kotze (ouer)
Lynette Stumke (ouer)
Hugo Maritz (ouer)
Pietie Ferreira (ouer)
Rayno vd Merwe (ouer)
Eugene de Lange (oudouer)
Henry Benn (ouer)
Yolande Gouws
Johan le Grange (ouer)
Yolandi Fourie (ouer)
Johannes Willem Muller (ouer)
Abrie Myburg (ouer)
SP Engelbrecht (ouer)
Dian Jordan Du Preez (ondersteuner)
Riekie de Beer (ouer)
Bertie Geissler (ouer)
Eben Gerber (ondersteuner)

## Personeel / Oudpersoneel

Marius Germishuys *(skoolhoof)*
Annel Germishuys *(personeel)*

Vorms op ons webtuiste beskikbaar!

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100 *barometer*



# FRAMESBY
## OUDSKOLIERE (FOS)

Beste Oudskolier
Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou. Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting na **fos@framesby.co.za** sal e-pos:

- ✓ NAAM EN VAN :
- ✓ NOOIENSVAN:
- ✓ ID-NOMMER:
- JAARTAL GEMATRIKULEER:
- ADRES:
- PROVINSIE:
- BEROEP:
- TELEFOON:
- SELFOONNOMMER:
- E-POSADRES:

**U inligting bly hoogs vertroulik.**
**Die rede hoekom ons u ID-nommer benodig, is om te verhoed dat ons duplikate op ons sisteem stoor.**

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100




Sluit aan by Framesby se Klub 1000/100 en word deel van ‘n skool van uitnemendheid. Na vele navrae van ons alumni is die konsep van dié Klub gebore. Klub 1000/100 gee almal die kans om steeds betrokke te wees by die skool en die blink toekoms daarvan te verseker. Dit maak nie saak of jy nog in Suid-Afrika of oorkant die waters bevind nie. Jy kan ‘n bydrae maak!

‘n Maandelikse bydrae van R100 kan in die Framesby Opvoedkundige trust gedeponeer word. Hierdie trust word aangewend vir die welstand en vooruitgang van die skool. Die fondse sal deur die Trust bestuur word. Die aanwending van die befondsing sal bepaal word deur die skool en die Trust se komitee. Daar sal elke jaar ‘n finansiële verslag deurgegee en geoudit word. Die proses is dus deursugtig en lede kan sien hoe hul skenkings aangewend word.

PROSES OM BY DIE KLUB 1000/100 BETROKKE TE RAAK
1) Laai aansoekvorm van Hoërskool Framesby se webtuiste af.
2) E-pos voltooide vorm na fos@framesby.co.za
3) U naam sal weekliks in die Fakkel-Flitse onder Klub 1000/100 lede verskyn.
4) Hou ons groeiende barometer dop. Dit sal op die voorblad van die Fakkel-Flitse verskyn.

Dankie aan oudleerders, ouers, onderwysers en passievolle ondersteuners vir u bydrae.

## SLUIT AAN
**EN KRY ‘N EKSLUSIEWE HOEDJIE WAT JOU GRATIS TOEGANG GEE TYDENS SPORTDAE**

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment: 041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road, Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7




birch's
Schoolwear

*Amptelike Skool- en Sportklere Verskaffer*

# HOËRSKOOL FRAMESBY

HANDHAAF EN BOU

## TROTSE VERSKAFFER
## VAN HOËRSKOOL FRAMESBY - SKOOLKLERE

*Vra ons gerus oor ons 6 maande rentevrye rekening.*

No. 95, 2de Laan, Newton Park, Gqeberha, 6045
Tel: 041 363 1360 | Epos: birchspe@telkomsa.net

# ONTHOU EN ONDERSTEUN!

FRAMESBYOPVOEDKUNDIGE TRUST
FONDSINSAMELINGSPROJEK




VERKOOP SLEGS EEN BOEKIE EN STAAN 'N KANS OM

# R20 000 te wen!

---

DIE LEERDER WIE DIE MEESTE BOEKIES VERKOOP STAAN 'N KANS OM DIE VOLGENDE TE WEN:

## 1STE PLEK: R20 000
## 2DE PLEK: R10 000
## 3DE PLEK: R5 000

Navrae: Yolandi fos@framesby.co.za

# SPECIALTY BILTONG SHOP

## YOU GET IT THE WAY YOU LIKE IT!

# RAY'S

HOUSE OF BILTONG